higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ALGEMENE GASVRYHEID
NKR VLAK 2

(11011002)

15 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

320Q1N2215

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Werknemers wat met voedsel werk moet hulself ten minste … behoorlik was.

A een keer 'n week
B een keer 'n dag
C elke twee ure
D 10 keer 'n maand

1.1.2 Bly by die huis as jy … het.

A diarree het
B MIV/VIGS
C 'n hoofpyn
D 'n verkoue

1.1.3 Dis raadsaam om in 'n voedselbereidingsarea …

A 'n skoon uniform te dra.
B sjefsklere te dra.
C gewone juweliersware te dra.
D gemaklike, oop skoene te dra.

1.1.4 Watter EEN van die volgende word in 'n voedselbereidingsarea toegelaat?

A Liggaamspriemings
B Parfuum
C Trouringe
D Grimering

1.1.5 Voedselhanteerders moet hul hande …

A een keer 'n dag was.
B drie keer 'n dag was.
C gereeld was.
D was wanneer hulle beveel word om dit te doen.

1.1.6 'n Sjefsmus word gedra om …

A die hoofsjef te identifiseer.
B te keer dat hare in kos val.
C die kop koel te hou.
D te keer dat sweet op kos val.

1.1.7 Selfsorgakkommodasie laat gaste toe om …

A kamerdiens te bestel.
B deur 'n kelner gehelp te word.
C self kos te maak.
D hulself in 'n restaurant te help.

1.1.8 'n … sal toeriste tydens die hele toer bystaan.

A Toerorganiseerder
B Toergids
C Toeroperateur
D Reisagent

1.1.9 Om 'n … te wees is nie 'n loopbaan in die gasvryheid-, reis- en toerismesektor nie.

A winkelassistent
B toergids
C kamerbediende
D portier

1.1.10 'n Soort akkommodasie wat 'n groot verskeidenheid dienste aan gaste verskaf:

A Selfsorg
B Kampering
C Hotel
D Bed-en-Ontbyt

(10 × 1) (10)

1.2. Dui aan of die volgende stellings 'n SPAN of 'n GROEP voorstel deur slegs 'Span' of 'Groep' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Die leier neem al die besluite.

1.2.2 Leierskap is 'n gedeelde aktiwiteit.

1.2.3 Alle lede stem saam of bereik konsensus.

1.2.4 Gasvryheid-, reis- en toerismebedrywighede funksioneer die beste in hierdie formaat.

1.2.5 Die bestuur van 'n instelling dikteer en neem besluite.

(5 × 1) (5)

1.3 Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n voorbeeld in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Hoërisikovoedsel	A	vleispasteie
1.3.2	Om 'n bevrore kositem oornag in die yskas te sit	B	gaar macaroni
1.3.3	Veilige interne temperatuur van gaar kos	C	bevriesing
1.3.4	Bakterieë wat op rou hoender voorkom	D	aartappelskille
1.3.5	Voedsel met 'n hoë listerioserisiko	E	75 °C
		F	stafilokokkus
		G	100 °C
		H	ontdooiing
		I	ongepasteuriseerde melk en suiwelprodukte
		J	salmonella

(5 × 1) (5)

1.4 Kies die bergingsvereiste vanuit KOLOM B om by die skoonmaaktoerusting in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Besem	A	maak dit leeg en skoon voordat dit gebêre word
1.4.2	Stofsuier	B	was en laat dit droog word voordat dit gebêre word
1.4.3	Chemikalieë	C	maak dit behoorlik toe voordat dit gebêre word
1.4.4	Mop	D	maak dit skoon en hang dit op met die borselhare na bo om droog te word
1.4.5	Skoonmaakspons	E	maak dit skoon, droog en bêre op trollie
		F	was en plaas dit op droograk

(5 × 1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.5 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer. ☆

1.5.1 Die grootste bydraende faktor tot voedselbesmetting tydens voedselbereiding

1.5.2 Die soort kombuisafval wat as tuinkunsmis gebruik kan word

1.5.3 Wanneer nuwe produkte uit stukkende glas gemaak word

1.5.4 Leë houers wat eens chemikalieë bevat het

1.5.5 Die span wat daarvoor verantwoordelik is om gasteslaapkamers skoon te maak ☆

(5 × 1) (5)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Die Covid-19-pandemie het 'n groot impak op die lewens van alle Suid-Afrikaners gehad. Daar was verskillende inperkingsvlakke, en nasionale en internasionale grense is vir 'n ruk gesluit om die verspreiding van die virus te beheer.

2.1.1 Beskryf die negatiewe uitwerking wat die Covid-19-pandemie op die Suid-Afrikaanse gasvryheidsbedryf gehad het. (4)

2.1.2 Tydens Vlak 3 van die inperking was daar baie streng protokolle in plek wat almal moes volg om te keer dat die koronavirus versprei. Een daarvan was om gereeld hande te was.

Beskryf DRIE ander protokolle en hoe elkeen gehelp het om die verspreiding van die virus te voorkom. (3 × 2) (6)

2.1.3 Is die Suid-Afrikaanse gasvryheidsbedryf nou weer terug na normaal noudat ons nie meer inperkings het nie? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

2.2 Al die NSV- Vlak 4-studente wat TBOO-kolleges in KZN bywoon is uitgenooi na 'n Entrepreneurskap-en-Loopbaan-EKSPO wat oor 'n tydperk van drie dae in die Durbanse konvensiesentrum gaan plaasvind.

2.2.1 Die spysenieringspan asook ander spanne van die sentrum gaan by die EKSPO betrokke wees.

Noem DRIE van die ander spanne wat ook betrokke gaan wees en watter rol hulle gaan speel. (3 × 2) (6)

2.2.2 Die doel van die spysenieringspan is om kos te verskaf tydens die EKSPO. Noem DRIE van die spysenieringspan se verantwoordelikhede. (3)

2.2.3 Daar is baie faktore wat die produktiwiteit van die spysenieringspan positief of negatief kan beïnvloed tydens die drie dae van die EKSPO.

Beskryf DRIE negatiewe en DRIE positiewe faktore wat die spysenieringspan se produktiwiteit kan beïnvloed. (3 × 2) (6)

2.2.4 Aan die einde van die konferensie wil die hoofsjef evalueer hoe doeltreffend die spysenieringspan gedurende die drie dae was. Gee vir hom DRIE moontlike vrae wat hy vir die evaluasie kan gebruik. (3)

2.3 Nadat hulle in die klas oor spanwerk geleer het, besluit 'n groep Vlak 4 Gasvryheidstudente aan die Majuba TBOO-kollege om saam te span en 'n studiegroep te begin.

Wat kan die doel van so 'n studiegroep wees? (5)

[35]

VRAAG 3

3.1 Een van die voorkomingsmaatreëls wat gevolg moes word tydens die Covid-19-pandemie was om gereeld hande te was. Watter toerusting word benodig om jou hande deeglik te reinig of te was as jy kos gaan hanteer? ☆ (3)

3.2 Wanneer jy vir die kliënt kos opskep, watter VYF praktyke en prosedures moet gevolg word om te verseker dat mikro-organismes nie na die kliënt toe oorgedra word nie?

☆



(5)

3.3 Verduidelik die prosedure om te volg wanneer iemand siekte aanmeld aan diens. (2)

3.4 Sommige mikro-organismes is nuttig tydens voedselproduksie. Gee SES voorbeelde van die positiewe rol wat mikro-organismes kan speel tydens voedselproduksie. (6)

3.5 Mikro-organismes benodig sekere toestande om te kan groei en voortplant. Bespreek elk van die volgende toestande:

3.5.1 Beskikbaarheid van water/vog ☆

3.5.2 Hitte

3.5.3 Teenwoordigheid van lug

3.5.4 Waarde van pH-vlak (4 × 2) (8)

3.6

Kaapstad is weer eens aangewys as die wêreld se toptoeristestad

Meer as 39 000 Telegraph-lesers het vir die sewende keer bevestig dat Kaapstad inderdaad die beste stad is om te besoek. Dis nog 'n veer in ons hoed.

Kaapstad het koning gekraai oor Vancouver in die tweede plek, en Kyoto, Japan in die derde plek. Toekennings soos dié val nie net uit die lug nie. Die feit dat duisende reisigers vir Kaapstad gestem het as die beste stad om te besoek is die resultaat van die City's Place-bemarkingspan en ons bestemmingbemarkingsvennoot, Kaapstad Toerisme, se harde werk.

Ons stad het soveel om vir almal te bied, maak nie saak waarna jy op soek is nie. Ons het verskillende kulturele en erfeniservarings wat ons die geleentheid bied vir 'n nuwe, meesleurende benadering tot kulturele toerisme om sodoende toeriste nog meer te laat ontdek.

Deur te fokus op meer gemeenskapsgebaseerde aanbiedings en terselfdertyd Kaapstad se reeds indrukwekkende lys plekke en besienswaardighede te bevorder, beoog ek om toerisme as voertuig te gebruik vir 'n totale metamorfose van ons stad.

[Bron: *Kaapstad is weer eens aangewys as die wêreld se toptoeristestad – Kaapstad - POLITICS* | *Politicsweb*]

3.6.1 Watter TWEE sektore uit die gasvryheid-, reis- en toerisme-industrieë kon die grootste bydrae gelewer het dat Kaapstad hierdie toekenning gewen het? (2)

3.6.2 Watter wêrelderfenisterreine is in Kaapstad? (2)

3.6.3 Beskryf TWEE gemeenskapsgebaseerde aanbiedings wat ontwikkel kan word om selfs meer toeriste na Kaapstad of ander Suid-Afrikaanse bestemmings te lok. (2)

[30]

VRAAG 4

4.1 Die algemene bestuurder van 'n klein hotel wil hê die personeel moet herwinning by die hotel asook in hul gemeenskap begin toepas. Beskryf VIER voordele van herwinning wat hy kan gebruik om die personeel te oorreed om die konsep te aanvaar. (4)

4.2 'n Elektriese vullisverwyderaar en 'n komposstelsel kan gebruik word om van voedselafval ontslae te raak. Vergelyk hierdie TWEE metodes om van vullis ontslae te raak deur die tabel hier onder in die ANTWOORDBOEK te kopieer en voltooi.

		Elektriese vullisverwyderaar	**Kompos**	
4.2.1	Werking (hoe werk dit)	• •	• •	(4)
4.2.2	Voordele	• •	• •	(4)
4.2.3	Nadele	•	•	(2)

4.3 Bestudeer die prente van DRIE soorte dromme hier onder en beantwoord die vrae wat volg: ☆



A



B



C

4.3.1 Watter van die dromme hier bo is die beste om in 'n industriële kombuis te gebruik? (1)

4.3.2 Gee 'n gedetailleerde rede vir jou antwoord op VRAAG 4.3.1. (4)

4.4 Dis te gevaarlik om sekere soorte afval met ander soorte te meng en dan saam daarvan ontslae te raak. ☆

4.4.1 Noem TWEE soorte afval wat in 'n hotelgastekamer aangetref kan word waarvan baie versigtig ontslae geraak moet word. (2)

4.4.2 Beskryf hoe om van die afval in VRAAG 4.4.1 ontslae te raak. (4)
[25]

VRAAG 5

5.1 Die sjef stuur Leo na die stoorkamer om al die kombuisgereedskap te kry wat benodig gaan word vir die volgende resep. Noem VIER soorte snygereedskap wat hy moet kry. (4)

HARTIGE MINESTRONESOP (6 porsies)

BESTANDDELE

30 ml olyfolie
2 uie, fyngekap
2 repe spek, in blokkies gekap
280 g patats, in blokkies gekap
3 wortels, in skywe gesny
250 g pampoen, in blokkies gekap
400 g kool, in repies gesny
280 g geel skorsie, in skywe gesny
220 g groenbone, opgekap
800 g tamaties, ontvel
1,5 ℓ hoenderaftreksel
5 ml gedroogde Italiaanse kruie
5 ml gedroogde oreganum
80 g macaroni
300 g botterbone (geblik)
Parmesan, gerasper vir opdiening

METODE:

1. Verhit die olie en braai die uie en spek vir 3-4 minute oor matige hitte of totdat die uie begin verbruin.
2. Draai die hitte effens laer en voeg die patats by. Roerbraai vir 1-2 minute.
3. Voeg die wortels en pampoen by en braai vir 'n verdere 1-2 minute; roer aanhoudend.
4. Voeg die kool, skorsie, groenbone, tamatie, aftreksel en kruie by.
5. Stel die hitte hoër en bring tot kookpunt.
6. Draai die hitte af, plaas die deksel op en laat dit liggies prut vir 1 uur.
7. Voeg die macaroni en botterbone by en kook vir 'n verdere 10-12 minute of totdat die pasta sag is.
8. Voeg geurmiddels by na smaak en bedien met Parmesan.

5.2 'n Mens moet ekstra versigtig wees as jy met snygereedskap werk. Beskryf hoe Leo die snygereedskap moet skoonmaak wat vir die resep hier bo gebruik is. (4)

5.3 Die sjef wil van al die gietysterpanne in die kombuis ontslae raak want die meeste daarvan het begin roes en is nie meer higiënies en veilig vir gebruik nie. Verduidelik vir die sjef hoe om 'n gietysterpan skoon te maak om te keer dat dit weer begin roes. (4)

5.4 Toe hy die kombuisgereedskap vir die resep gaan haal, sien Leo dat die deur van die skoonmaaktoerustingstoor oop is en dat 'n 5-ℓ plastiekhouer met skottelgoedseep omgeval het en besig is om op die vloer uit te loop. Wat moet hy doen in so 'n situasie? (4)

5.5 As skoonmaakmiddels en -toerusting nie korrek gestoor word by 'n gasvryheidsinstansie nie, wat kan die moontlike uitwerking wees op die

5.5.1 instansie self? (4)

5.5.2 huishoupersoneel? (4)

5.6 Om die skoonmaaktoerustingstoorkamer netjies en maklik toeganklik te hou, moet sommige voorkomingsmaatreëls toegepas word.

Beskryf SES van hierdie maatreëls. (6)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou